

DIE STRANDLOPERS

Hierdie is die vyfde verslag vanjaar.

Opmerking

Op 30 Mei 2010 is my eggenote, Marina oorlede. Ek en my familie wil steeds dankie sê aan al die lesers van hierdie verslag wat deur boodskappe, gebede, vonkposse of telefoonoproepe ons as gesin in daardie moeilike tyd ondersteun het en dit steeds doen. Alhoewel dit baie beter met ons gaan, is die aanpassingsproses steeds aan die gang. Nogmaals dankie!

Politiek

- My jongste seun se verjaardag op die 18de Mei, is as 'n openbare vakansiedag verklaar. Die plaaslike verkiesings, toevallig op dieselfde dag, het heel vreedsaam verloop en mens verwag dat dienslewering in die vorm van oorwinningspartytjies en poste vir vriende en familie goed op dreef sal kom.
- In Noord-Afrika en die Midde-Ooste wéét die bewindhebbers in byvoorbeeld Libië, Sirië en Jemen dat hulle onderdane eintlik baie tevrede kan wees met hul lot en dat die opstande niks te doen het met werkloosheid of verdeling van welvaart nie. Dis heel moontlik net al die inligting wat deur sosiale netwerke of die internet versprei word, wat al die probleme veroorsaak. Die voorslepende onrus en onsekerheid in hierdie streek, beïnvloed wel die energiemarkte van die wêreld.
- Nadat Griekeland en ander Olyfgordellande plus Ierland voorspoed gesmaak het met behulp van goedkoop hulp wat uitgedeel is, wag daar pynlike ekonomiese aanpassings op die meeste van hierdie lande. Dit sal nie maklik wees nie weens die politieke onrustigheid wat dit sal meebring. Of hierdie politici die moed sal hê om die noodsaaklike aanpassings deur te voer, sal net die tyd leer.
- Die politieke spanning tussen veral Duitsland – wat die Europese beursie dra en elke nou en dan weer 'n klomp euro's moet uithaal – en die Olyfgordellande en Ierland sal ook die finansiële markte van tyd tot tyd onrustig stem.
- In die VSA word tans min politieke vordering gemaak in die hantering van die staatsfinansies. Daar is wel allerlei druk wat onder andere van die graderingsmaatskappye kom om wel voor die verkiesingskoors in die aanloop tot die presidentsverkiesing in November 2012 te hoog loop, werkbare oplossings te vind.

Internasionaal

- Op die internasionale terrein is daar volgens my waarneming tans veral drie aspekte wat die toneel beïnvloed.
- Eerstens is daar die skuldprobleme van die Olyfgordellande plus Ierland. Hierdie probleem vlam elke nou en dan op en word dan weer tydelik onder beheer gebring. In die geval van die Griekse "tragedie" word daar elke nou en dan 'n nuwe toneel geskryf, maar of daar 'n werklike oplossing is, sal maar in die volgende aantal jare gesien moet word. Die Griekse probleem is dat die koste van finansiering, bv meer as 16% op tienjaar staatseffekte, moeilik

verdien kan word deur 'n land wat negatiewe groei in die volgende jaar of twee sal ervaar en wie se uitvoervermoë geknel word deur die sterk vertoning van die eurogeldeenheid.

- Tweedens is daar die probleem van die VSA begrotingstekort, die huidige plafon op die verdere finansiering van staatskuld asook aanduidings dat ekonomiese groei verlangsaam. Hierdie plafon moet deur die Kongres verhoog word, maar dis tans vir politici moeilik om in die lig van November 2012 se presidentsverkiesing, nie te poog om in die proses politieke vlieë te probeer afdruk terwyl die proses skipbreuk lei nie. Die aanduidings is dat daar teen die begin van Augustus wel 'n oplossing sal wees. Terselfdertyd is daar vrese dat die beëindiging van die spesifieke stimulering van die Federal Reserve Board in Junie ekonomiese groei verder sal benadeel.
- Derdens is daar aanduidings dat die Chinese daarin slaag om die oorverhitte ekonomie wel te laat afkoel. Dit bring mee dat die verwagting dat kommoditeitspryse ononderbroke tot in ewigheid sal aanhou styg, van tyd tot tyd getemper word.
- Die impak van die bogenoemde drie aspekte is volgens my waarneming soos volg:
 - Die jongste aanduidings is dat die Europese Sentrale Bank (ESB) so vroeg as Julie rentekoerse verder kan verhoog. Die skuldprobleme in Europa dui egter daarop dat die ESB baie versigtig moet wees met die verstraming van die monetêre beleid om daardeur nie die finansieringsprobleme van hierdie lande te vererger nie asook die euro nie uitermatig verder te laat versterk nie. Alhoewel Europese rentekoerse dus wel mag styg, is ek van mening dat daar in die volgende paar jaar slegs matige stygings sal wees.
 - Die voortgesette hoë werkloosheidskoerse in die VSA, aanduidings dat ekonomiese groei kan verlangsaam, tesame met die noodsaak om 'n strengere fiskale beleid te volg dui daarop dat rentekoerse in die res van die jaar nie verhoog kan word nie.
 - Die feit dat rentekoerse in die ontwikkelde lande soos die VSA, Euroland, VK en Japan nie in die afsienbare toekoms verhoog of noemenswaardig verhoog kan word nie, dui daarop dat beleggers steeds in die geldmark fondse sal leen wat in kommoditeits-, valuta- of effektemarkte belê sal word. Dit moet egter in gedagte gehou word dat die noodsaaklike afkoeling van die Chinese ekonomie wat tans aan die gang is, wel die vraag na kommoditeite kan demp.
- Internasionale langtermynrentekoerse het die afgelope tyd gedaal weens die aanduidings dat die wêreld ekonomie aan die afkoel is. In die geval van lande soos Griekeland het hierdie koerse egter rekordvlakke bereik weens die vrees dat hierdie lande nie hul skuld sal kan delg nie. Inflasie bly steeds 'n bekommernis weens voedsel- en energiepryse wat oor die afgelope jaar skerp gestyg het en kan opwaartse druk op hierdie rentekoerse plaas.
- Algemene mynkommoditeitspryse het die afgelope tyd wipplank gery en is beïnvloed deur die verwagting dat ekonomiese groei sterk sal bly en die volgende oomblik het die pryse verswak weens die bekommernis dat China sy ekonomie dalk té sterk demp. Landboukommoditeitspryse is deur droogtes, oorstromings, en die verwagte langtermyn groei in die vraag na voedsel, ondersteun. Groter Russiese graanuitvoere het prystygings gedemp.

- Die goudprys word beïnvloed deur die onsekerhede wat rondom die fiskale probleme van lande soos Griekeland en die VSA bestaan, die feit dat kortkoerse meestal sywaarts beweeg en die verswakking van die dollar.
- Die olieprys word beïnvloed deur die politieke onsekerhede in Noord-Afrika en die Midde-Ooste, die lae internasionale rentekoerse, die optimisme al dan nie dat die wêreld ekonomie sterk sal groei asook seisoenale invloede.
- Internasionale aandelebeurse word beïnvloed deur wins- en dividendverklarings, rentekoerstendense en ekonomiese groeivoorsigte.

Plaaslik

- Ekonomiese groei was in die eerste kwartaal sterker as verwag, maar nogtans het werkloosheid gestyg. Die vervaardigingssektor het baie goed vertoon. Ekonomiese groei word steeds eerder ondersteun deur verbruiksbesteding as investering. Omdat daar aanduidings is dat internasionale groei kan verlangsaam, is die risiko dat plaaslike ekonomiese groei in die res van die jaar ook kan verlangsaam.
- Die voortgesette wanbalans tussen die plaaslike vraag en aanbod van goedere, dui op 'n handelsbalanstekort vanjaar. Die aanduidings is dat die diensterekening vanjaar 'n groter tekort kan toon weens meer dividende en rente wat uitbetaal sal word. Die verwagting is dat die tekort op die lopenderekoning van die betalingsbalans sal vergroot, maar dat dit steeds deur die invloei van hoofsaaklik korttermyn buitelandse kapitaal finansier sal word. Die owerhede behoort die risiko gekoppel aan die korttermyn aard van kapitaalinvloei in gedagte te hou en bly te wees vir die invloei van langtermynkapitaal wanneer Wal-Mart Massmart oorneem – selfs al is dit net om 'n bestaande besigheid oor te neem.
- Werkloosheid is 'n toenemende probleem. Die oplossing sal egter nie gevind word in die poging om die invloei van buitelandse kapitaal te verhinder nie. Die staat sal moet ernstig besin oor waarom daar nie in die afgelope sewentien jaar meer werkgeleenthede geskep is nie. Lê die probleem nie by die arbeidsbedeling nie? Of die opleiding- en onderwysbedeling nie? Of by die vlak en toename van lone en salarisse teenoor produktiwiteit nie? Die huidige vlak van plaaslike en internasionale rentekoerse asook die sterkte van die rand tesame met die salaris- en loonstygings dui daarop dat die plaaslike ekonomie in die komende aantal jare meer kapitaalintensief sal word. Die risiko is dat meer masjiene as mense in die volgende tien jaar aangestel kan word.
- Die sentrale regering se finansiële posisie in terme van die begrotingstekort en staatskuld bly gesond vergeleke met dié van baie ander lande. Nogtans bly die vraag of die huidige tendens met welsynstoelaes en die aandeel wat salarisse en lone van totale uitgawes uitmaak, in die langtermyn volhoubaar is? Nieteenstaande die gladde verloop van die plaaslike owerhede se verkiesings, is daar geen aanduiding dat dit die finansiële situasie binne hierdie owerhede noemenswaardig sal verander nie. Die uitstaande skulde sal dus in die volgende vyf jaar verder styg, terwyl die vermoë om uitvoering aan dienslewering maar veral die ontwikkeling en onderhoud van infrastruktuur sal skipbreuk ly weens die afwesigheid van kundigheid.

- Die stygende inflasiekoers weerspieël stygende voedsel-, energiepryse, administratiewe tariewe en salarisse en lone. Gelukkig word hierdie styging in toom gehou deur die voortgesette sterk vertoning van die rand wat meebring dat ingevoerde prystygings matig bly en plaaslike sakeondernemings kostestygings moet bestry om mededingend in die plaaslike en internasionale handelsmarkte te bly. Volgens die Reserwebank se vooruitskattings sal die inflasiekoers die boonste mikpunt van 6% tydelik in die eerste kwartaal van 2012 oorskry.
- Indien die Reserwebank van mening is dat inflasie slegs tydelik die boonste mikpunt sal oorskry terwyl die ekonomie nie oorywerige groei toon nie en werkloosheid 'n baie ernstige probleem bly, kan korttermynrentekoerse onveranderd bly tot selfs die einde van 2012.
- Plaaslike langtermynkoerse word beïnvloed deur internasionale tendense en die invloei van buitelandse kapitaal na hierdie instrumente. Indien die markverwagting sou wees – wat dit nie tans is nie – dat plaaslike korttermynrentekoerse tot die einde van 2012 stabiel sou wees, kan verwag word dat die langtermynrentekoerse eerder sywaarts sal beweeg as die opwaartse tendens wat ek verwag het. Die risiko bly dat sentimente in hierdie markte kan verander weens stygende inflasie en openbare sektor finansieringsbehoefte asook die uitvloei van buitelandse kapitaal.
- Die plaaslike aandelebeurs word beïnvloed deur internasionale tendense asook wins- en dividendverklarings teenoor opbrengste in die rentedraende instrumente.
- Die rand word steeds beïnvloed deur internasionale sentimente asook die vermyding van risiko wat gedryf word deur vrese dat lande soos Griekeland nie hul skulde kan terugbetaal nie. Wanneer daar ook twyfel ontstaan oor die hoeveelheid mynboukommoditeite wat China benodig, het dit ook 'n negatiewe impak op die rand. Solank internasionale korttermynrentekoerse egter hoofsaaklik sywaarts beweeg, sal die rand aantreklik bly vir die invloei van korttermyn kapitaal.

Beleggingsomgewing

- Wanneer daar onsekerhede in die finansiële wêreld ontstaan, vlug kapitaal steeds na die kapitaalmarkte van die groot nywerheidslande. In die afgelope tyd het dit weer eens plaasgevind weens die onsekerhede wat rondom Griekeland ontstaan het. Kapitaalmarkrentekoerse in die ontwikkelde nywerheidslande het oor die afgelope maand aansienlik gedaal weens risikovermyding. Hierdie tendens kan voortgesit word weens die verwagting dat ekonomiese groei verlangsam en saam daarmee dat inflasiestygings matiger word. Begrotingstekorte bly egter in meeste lande baie groot.
- Met die uitsondering van Euroland waar matige styging van kortkoerse verwag word, word verwag dat hierdie koerse sywaarts sal beweeg tot vroeg in 2012. Japannese kortkoerse kan wel tot einde 2012 op die huidige vlakke bly.
- Effektebeurse behoort te baat by die voortgesette sywaartse beweging van kortkoerse, maar die daling in kapitaalmarkkoerse die afgelope tyd, het kapitaal weer eens na laasgenoemde markte laat beweeg.
- Die dollar word in onsekere tye ondersteun weens die invloei van kapitaal wat 'n veilige belegging in VSA staatseffekte soek. Daarteenoor vermy

beleggers en spekulante die dollar weens die onsekerheid van die staatsfinansies in die VSA asook die verwagting dat hul kortkoerse langer sywaarts sal beweeg as die van ander lande weens stadiger ekonomiese groei en swak indiensneming.

- Plaaslik verwag ek dat kortkoerse selfs tot die einde van 2012 sywaarts kan beweeg indien die Reserwebank van mening is dat inflasie die boonste mikpunt van 6% net tydelik sal oorskry.
- Plaaslike langkoerse sal deur internasionale tendense beïnvloed word, maar ook deur die finansieringsbehoefte van die openbare sektor, inflasieverwagtings asook die invloei of afwesigheid van buitelandse kapitaal.
- Die aanduiding is dat die rand geruime tyd nog ondersteuning sal vind weens die invloei van korttermyn buitelandse kapitaal.

Ulrich Joubert

4 Junie 2011.